



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *11April 2021*

## Tweede Sondag in die Paastyd



Skriflesing: Hand 2:22-36

Tema: Jy kán, want God kan.

Dit was vir die dood onmoontlik om Jesus gevange te hou. Niks is immers by God onmoontlik nie. Geen situasie is só hopeloos en dood dat Hy dit nie lewend kan maak nie.

Hy het jou óók opgewek om nuut te leef.

## Só glo ons

### Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 20

**Ek glo ...** Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem. Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen en die straf vir die sondes deur sy allerbitterste lyding en sterwe dra. So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het, en so sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee, en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.

## Ons Program

### Vandag

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom
- **Deuroffer:** Helpmekaar Studiefonds

- **Sondagskool en katelese**
- **Tee en verversings** – Julle kan dit in die voorportaal kry en buite onder die bome geniet. Baie dankie aan Leeukuil wyk.

### Dinsdag

- **Normaalklas** om 18:00 in die konsistorie

### Sondag 18 April

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom.
- **Katelese en Sondagskool**
- **Deuroffer:** Teologiese Beursfonds
- **Tee en verversings** – Wyk 6

### Bybellees-program

Ons lees nou **Die boek Prediker**, nog tot Saterdag. Volgende Sondag begin ons met **2 Korintiërs**. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#). Die toep kan jy aflaai by Google Play Store of Apple App Store. Soek net *NG Kerk Petrusburg*.

### Manne aand

7 Mei – Hou die datum oop!

### Vleis- en Oesfees en mini-basaar – Teken solank aan!

Ons beplan 'n Vleis- en Oesfees en mini-basaar op **29 Mei 2021**. Dit gaan 'n ietwat ander formaat aanneem as vorige vleisfeeste.

- Ons gaan in Meimaand 'n pryslys van vleisprodukte vrystel waar u vooraf bestellings kan plaas, en ons gaan slegs die bestellings uitvoer. Die res van die vee gaan lewend verkoop word.
- Daar sal by die mini-basaar wel sosaties, wors en maalvleis (gaar of rou) in klein hoeveelhede te koop wees, asook groente en ander produkte wat ons moontlik mag kry. Ons wil ook groot koeke, kerrie & rys, boerewors-rolle, koue poedings en pannekoek verkoop.
- U kan ook graan lewer op die kerk se lidnommer by Senwes as bydrae tot die oesfees.



Insamelingslyste sal eersdaags in wyke versprei word en ons vra dat u u ouderling of diaken met 'n oop hand sal ontvang.

## Lief & Leed

### Neem asseblief kennis

Madette is met verlof vanaf 12 - 30 April.

Die kerkkantoor sal weer oop wees vanaf Maandag 3 Mei.

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

#### April

11 **Baba Roode (89j)**; Wynand van der Berg

14 **Ina Bouwer (81j)**

15 Lizane Odendal

16 Toitjie Odendal; Mariza Odendal

Veels  
Geluk



### Huweliksherdenking

#### April

11 Stoffel & Marcia Pienaar (40j)

16 Stefan & Janiné Bester (5j)

### Voorbidding

- Annamarie Dercksen (rugoperasie)
- Matty van Loggerenberg (Herstel by huis - was opgeneem vir die hart)
- Rachel Allen (Oorlede), dink aan haar seun

## Vrouebediening Kwartaal 2

### Maria Groep (Wyke 3 & Leeukuil)

Sameroeper: Amanda van der Westhuizen

3 Mei Skole Open

5 Mei Bestuursvergadering

9 Mei Nagmaal - Blomme & Dankbaarheidsbotteltjies

9 Mei Moedersdag

11 Mei Kerkraadsvergadering - Verversings

16-20 Mei Pinksterdienste - Sop (wyke maak beurte)

29 Mei Vleisfees en nini-basaar

6 Jun Nagmaal - Blomme & Nuusbrief

20 Jun Vadersdag

9 Jul Skole Sluit

## Ten slotte

### GEBED VIR DIE OPSTANDING

Wat 'n wonder, Here Jesus, dat U leef,  
dat die magte van die dood en die doderyk U nie kon oorweldig nie,  
dat U opgestaan het,  
die graf oopgebreek het,  
nuwe lewe gebring het vir die wêreld, vir ons.  
Dankie dat ons hoop kan hê,  
met verwagting kan leef omdat U lewe.

Dankie dat die lewe in die kerk nie van óns afhang nie,  
maar dat U dit waarborg.

Dankie vir die lewe wat daar ook in ons gemeente is,  
vir die tekens van die nuwe lewe wat U in die kerk indra.

Maak ons 'n gemeente  
wat U met blydskap en oorgawe volg op die pad van die lewe,  
die pad wat uitloop op die hemelstad met die vaste fundamente,  
waar mot en roes nie verniel nie en diewe nie inbreek en steel nie.  
Amen.

---

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	<a href="mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za">jaco@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	<a href="mailto:ngkpetrusburg@gmail.com">ngkpetrusburg@gmail.com</a>
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	<a href="mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za">elmien@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	<a href="mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com">annamarie.dercksen@yahoo.com</a>
<u>Webwerf</u>	<a href="http://www.ngkerkpetrusburg.co.za">www.ngkerkpetrusburg.co.za</a>		<i>facebook</i> <a href="https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg">NG Kerk Petrusburg</a>
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae - Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		